# KOERSVAS

Jaargang 9 Uitgawe 194
17 September 2021

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

In hierdie uitgawe:
Redaksioneel
Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

**Het jy geweet?**

Watter kontinent is die mees berugte tuiste van selfmoord? Watter land in die wêreld het die hoogste selfmoord-syfer per 100 000 van die bevolking? Nee, dit is nie Asië of Japan nie. Die selfmoord vasteland is Afrika met 11.2 teenoor die wêreld gemiddeld van 9. Die land met die hoogste syfer is Lesotho waar 87.5 mense per 100 000 hul lewens neem. Dit is meer as dubbel soveel as in Eswatini (Swaziland ) waar die getal 40.5 is. Die meeste gevalle kan onder die mans gevind word. Hierdie statistiek is deel van 'n versameling feite wat verras.

Die ouers garde sal nog die program "Flinkdink" met Edwill van Aarde onthou. Daar was deelnemers wat verstommende feite-kennis getoon het wat hulle binne breukdele van 'n sekonde kon oproep.

Wat is die hoofstad van Belarus? - Minsk. Bulgarye? - Sofia. Kroatia? - Zagreb. Hoe vinnig het die mens gery wat die eerste spoed kaartjie gekry het? Walter Arnold van Kent, Engeland het 13 kilometer per uur gery in sy Benz. Wat gaan die vinnigste ys word, koue of warm water? Warm water. Wat is die sterkste spier in die liggaam? Die tong. Hoeveel van die liggaam se bloed en suurstof word deur die mens se brein gebruik? 20%. Wat is die Barbie pop se volle name? Barbara Millicent Roberts van Willows, Wisconsin. Hoe het die soekenjin *Google* eers bekend gestaan? *'Backrub'*, en toe hernoem en vernoem na die getal *Googol* wat 1 gevolg deur honderd nulle is. So sou ons bladsye kon vul met inligting wat vreemd, verstommend, onbekend of skokkend is. Die verwysing na *Google* is nie toevallig nie. Enige soektog op die soekenjin gaan binne millisekondes vir jou honderde miljoene moontlike antwoorde of resultate gee. Dit is duidelik dat daar net te veel inligting is om te memoriseer. In 2015 was dit reeds so dat daar elke minuut ongeveer 300 uur se videos opgelaai was na Youtube. Daar was een triljoen (miljoen miljoen) foto's gedeel op sosiale media. Daar word bereken dat 80% van alle foto's op slimfone geneem word. Ons lewe in die tegnologiese era, die inligting era. 'n Selfoon het meer berekeningskrag as die vertrek-groot rekenaars wat gebruik was om die mens op die maan te laat land. Jy kan 'n klein biblioteek se inligting op 'n geheue-stokkie berg. Dit is gewoon nie moontlik of raadsaam om jou brein te vul met die stortvloed van inligting wat logaritmies groei nie. In 2010 was daar 2 *zettabyte* inligting (2x1,000,000,000,000,000,000,000 *bytes*). In 2021 gaan dit groei na 79 *zettabytes* en na verwagting sal daar in 2025 181 *zettabytes* inligting wees.

Dit is nie net nuwe inligting wat beskikbaar gestel word nie; by terugskoue is daar verskeie perspektiewe wat by sake gevoeg word. Daarmee saam word geheime dokumente ontsluit en dikwels skok nuwe geopenbaarde inligting.
Nie alle inligting is op dieselfde vlak nie. Anders as mense wat byvoorbeeld 'n ensiklopedie saamstel deur inligting te weeg en te sif, word alle inligting deur die masjiene op dieselfde vlak gesien. Toegegee, daar is logaritmes wat gebou word om sekere vooroordele te bevorder of te kortwiek. Natuurlik is daar baie fopnuus en talle misleidende mededelings. Daar is mense wat hulle uitspattige optredes vir almal beeldsend, en daar is mense wat ernstige debatte voer.
Die nuwe vraag moet nou wees; "Weet jy hoe om hierdie inligting te sif?"
Dit is die kuns en vaardigheid wat die nuwe geslag besig gaan hou. Hoe ernstig moet jy wees oor die berigte van "reptiel mense" en "vreemde wesens"? Was die vorige regering ook so korrup? Wat is waarheid en wat is propaganda? Ons gaan onsself en ons kinders moet leer om tussen al hierdie rommelhope inligting, die goeie, heilsame en ware inligting uit te snuffel. Een van die eerste filters wat ons moet gebruik, is die Bybel. In die Woord van God is daar vele beginsels wat ons kan lei in ons beoordeling van inligting. Daarmee saam is dit nodig om eie instink, logika, wye navorsing en 'n traagheid om enigiets vir soetkoek op te eet.
Voorheen was die vraag; 'Wie ken jy?'. Toe word dit; "Wat weet jy van wie jy ken?' Nou is die vraag: Wat van die baie wat jy weet oor wie en wat jy ken, is waar?' Lê die bewys dalk, soos die Engels wou sê, in die poeding?

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### LEWENSBROOD BESTELLINGS 2022

Dit is al weer dié tyd van die jaar, bietjie vroeër as gewoonlik, maar dit beteken ons is goed op dreef. Hierdie gaan die tiende uitgawe van Lewensbrood wees en sal weer dieselfde gehalte produk as in die verlede wees. Ons poog om volgende jaar se Lewensbrood vroeër uit te gee (baie mense bestel dit as Kersgeskenke) en daarom moet u asseblief so spoedig moontlik, u Lewensbrood bestellings by u gemeente kantoor plaas. Kostes vir die Lewensbrood beloop R140-00. Die gemeente kantore moet asseblief hul bestellings deurgee aan ella@geloofsbond.org.za voor of op 25 Oktober 2021. Briewe in die verband sal nog aan gemeentes gestuur word. U samewerking in hierdie verband word waardeer.
Media komitee

### DIE BONDSVERGADERING

Die Bondsvergadering het te Stilfontein plaasgevind op 12-13 September 2021. Die openingsrede was deur die voorsitter ds. Piet Rautenbach, en wel uit Matteus 23:37-37. Na die erediens is die teenwoordiges verwelkom en op heerlike versnaperings trakteer. Maandagoggend vroeg het die vergadering gekonstitueer. Daar was 'n paar gemeentes wat aanlyn die vergadering gevolg het.
Die gasvryheid van Stilfontein het almal op hulle gemak geplaas en daar is

tussen sessies heerlik gekuier en gesmul. Middagete het die sessie na die ete moeilik gemaak omdat almal heerlik saamgeëet het. Die vergadering het onder die bekwame leiding van Ds. Piet Rautenbach net na 16:00 ten einde geloop. Ons het mekaar in goeie gees gegroet en sien uit na die volgende vol vergadering in 2023 te Koster.
Die sake wat bespreek is en die besluite wat geneem is, sal deurgegee word sodra die notule afgehandel en goedgekeur is.

## BONDSDAMES PROJEK

Die dames samel jaarliks geld in vir die befondsing van die GHG se teologiese opleiding. Hierdie jaar se projek met die tema Nostalgie het nou ten einde geloop. Die dames berig: *Tydens die opening van die Bondsvergadering is die nuwe eienaar van Kwilt 21 aangekondig en dit is Renelle van der Merwe van Vryburg. Baie geluk Renelle, ons hoop dit gaan vir jou baie vreugde en plesier bring. Baie dankie vir almal se hulp. samewerking en ondersteuning.*
*Die inkomste is nog nie geoudit nie, maar dit lyk asof ons R21 450 ingesamel het. Ons dank aan ons hemelse Vader.*
*Dankie Marlize vir al julle harde werk met die vergadering, julle kan trots wees. Die versierings was keurig en ons mans kon nie uitgepraat raak oor die verversings nie - getrou aan Hervormde tradisies. Baie dankie.* ☕🥧🥮🥘

## LIEF EN LEED

Melanie Visser van Oostelike Pietersburg se seun was in 'n ernstige motorongeluk. Ons dra die hele gesin op in gebed.
Ds Elmien en Frans Oosthuizen v Meyerspark se kleindogter is met 'n hartprobleem gebore op 1 September en het reeds 'n hartoperasie ondergaan. Ons dink aan hulle en vertrou dat hulle volkome sal herstel. Ons dra die hele gesin op in gebed.

Dss. Eddie en Ronel Eckard (en Advokate Roelof en Renette du Plessis) se kleindogter is intussen gebore, maar moes weer gehospitaliseer word as gevolg van buik probleme. Ons dra die gesin en families op in gebed.

## DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergawe boeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorie boeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

## BRAAIDAG

Premiermyn Hervormde Kerk wil u hartlik uitnooi om op 24 September 2021 (sogenaamde Braaidag) te kom deelneem aan 'n eerste proeflopie met die oog om binnekort die wêreldrekord te slaan deur 'n 2-ton, 2-kilometer, lange wors te maak en te braai.
Daarmee saam gaan daar Saterdag 'n vertoning deur Thys die Bosveldklong wees en hy gaan die Wynveiling aanbied. Kontak Yvette per Whatsapp indien jy meer inligting verlang.
Yvette 072 223 7522


Kom wees deel van die 2km (±2 ton) wors proeflopie tot Guinness Wêreldrekord aanslag wat binnekort volg by
Premiermyn Hervormde Kerk
(Oorkant die Magistraatskantoor)
op
NASIONALE BRAAIDAG
Koop en braai jou eie stuk wors plus 'n broodrolletjie @ R25-00
Wors te koop @ R80-00 p/kg
Wanneer: 24 September 2021
Tyd: 08:00 - 17:00
Bestellings en Besprekings: Dinie 082 410 6823
Marie 083 651 6721